Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Familie Waardes

## Eerlikheid

Eerlikheid, voel dit, is vandag 'n skaars kommoditeit. 'n Studie aan die einde van die twintigste eeu het bevind dat 97% van alle mense leuns vertel – en dat elkeen van hulle dit omtrent 'n duisend keer per jaar!

-Hoe voel jy oor die bogenoemde data van Instituut vir Gedragsmotivering?

Hoekom is dit soms so moeilik om eerlik te wees?

-Hoekom is eerlikheid so belangrik?

-Maak die feit dat ouers en onderwysers so heftig op oneerlikheid reageer, kinders nie nog skelmer uit vrees vir straf nie?

Hoe kan 'n mens oneerlikheid by kinders effektief hanteer?

Lees die tekste stadig deur.
Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie les neem?

Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?

Waarom beleef jy daardie emosies?

Lees Efesiërs 4:25-32. Wat sê hierdie gedeelte vir jou oor eerlikheid?

Lees Spreuke 6:16-19 en 12:22. Wat is God se siening oor eerlikheid?

Lees Johannes 8:44-47. Wat sê dit vir jou – maar ook van God?

Lees Handelinge 5:1-11 Waarin het Ananias en Saffira se sonde gelê? Wat leer ons daaruit?

In watter asprek(te) kan jy meer eerlik leef?